

Saterdag 6 Mei

Skrifgedeelte: Titus 2:11-15

Fokusgedeelte: Titus 2:14; HK Sondag 21, Vraag 54

Die Christelike kerk

Wat is die Christelike kerk volgens Skrif en belydenis? In die Kategismus word van die kerk die volgende gesê: “Dat die Seun van God vir Hom ’n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord vergader, beskerm en onderhou.” In die NGB (art. 27) word die kerk genoem “’n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo”. In werklikheid kom hierdie twee uitsprake op dieselfde neer. In die Kategismus val die klem op die kerk soos dit by God bekend is, terwyl die NGB weer die nadruk laat val op die kerk soos hy hom openbaar, naamlik as ’n vergadering van mense wat waarlik in Christus glo.

Op die vraag wat die kerk is, kan ons dus antwoord dat dit ’n *vergadering van gelowiges* is. Dit geld van al die verskillende gestaltes van die kerk. Of daar gepraat word van die kerk van alle tye, of van die kerk in ’n bepaalde land of van die plaaslike kerk – in alle gevalle is dit ’n vergadering van gelowiges. Slegs die wyse waarop die vergadering tot openbaring kom, verskil. Uit die Skrif is dit duidelik dat Christus die kerk vergader. Die kerk het sy oorsprong by Hom. Daarom praat ons ook tereg van die Christelike kerk of van die kerk van die Here. Dat dit Christus is wat sy kerk vergader, blyk ook uit die brief van Paulus aan Titus (2:14). Hy sê dat Christus Homself vir ons as offer gegee het om ons van ons sondes te reinig *sodat ons sy eie volk kan wees*. Christus beklemtoon ook dat dit Hy is wat sy kerk vergader as Hy volgens Matteus 16:18 verklaar dat dit *Hy self is wat sy gemeente bou* op die rots van die belydenis dat Hy die Christus is. Omdat die kerk sy stigting is, moet elke gedagte dat die kerk ’n menslike organisasie is, radikaal verwerp word.

Hoe vergader Christus sy kerk? Hy doen dit *deur sy Gees en Woord*. Die Woord van God moet in die kerk en deur die kerk verkondig word. Dit is die hoofsaak van die kerk. Deur sy Gees berei die Here die akkers van ons harte voor dat dit vir die saad van die Woord ontvanklik is. Dit is ook die Gees wat die saad van die Woord inplant in ons harte sodat ons tot geloof kom en vrugte van geloof voortbring. Deur sy Woord en Gees kan die Here klipharde harte oopskeur, maar ook geskeurde harte genees. Dan word dit egter so gedoen dat ons altyd by die kruis van Christus op Golgota tereg kom.